**Dinsdag 1 Julie**
**Skrifgedeelte: Psalm 33:6-9**
**Fokusgedeelte: Psalm 33:6, 9**
**As God die heelal kon maak ...**

Sterrestelsels is uitgestrekte stelsels van stof, gas, donker materie en enigiets van ’n miljoen tot ’n triljoen sterre wat deur swaartekrag bymekaar gehou word. Hoe dieper in die heelal ingekyk word met kragtige teleskope, hoe meer sterrestelsels word waargeneem. Een 2016-studie het beraam dat die waarneembare heelal twee triljoen – of twee miljoen miljoen – sterrestelsels bevat! Sommige van daardie verre stelsels is soortgelyk aan ons eie Melkwegsterrestelsel, terwyl ander heeltemal anders is!

En nou getuig Psalm 33 dat God Drie-Enig dit alles kunstig gemaak het deur net te praat! God het met gesag met die duisternis gepraat en gesê laat daar lig wees, en dit was so! Hy het net beveel dat daar sterre in die sterrestelsels moet wees, en miljoene sterrestelsels het gevorm, elkeen met miljoene sterre in! Dis so groot dat ons mense met ons beste teleskope nog nie eers die einde kan sien nie! God het net gepraat en al die planete het gevorm! As mens dink dat God dit alles kon maak net deur ’n paar woorde te sê, dan kan ons net tot een gevolgtrekking kom: Ons God Drie-Enig is nog baie meer almagtig as wat ons dink! Ons God – Vader, Seun en Heilige Gees – is nog baie groter en kragtiger as wat ons klein menslike verstandjies kan bedink!

Lyk jou probleme soms vir jou te groot? Voel dit partykeer vir jou of jou gemeente of ons kerkverband se uitdagings te moeilik is? Onthou, dit is nie vir God te groot of te moeilik nie. As Hy miljoene sterrestelsels met miljoene sterre in elkeen kon maak deur net te praat, dan is jou probleme en uitdaging nie vir Hom te groot of te moeilik nie. Gee dit vir God, en vertrou Hom daarmee. In sy groot almagtige hande is dit in goeie hande. Kom ons jubel oor die almag van ons God!

*Sing: Psalm 33-1:3*

*Ds. LM (Marcel)Floor (Wapadrant)*